# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 Inleiding en oriëntering

Verandering en vernuwing word van tyd tot tyd in ver=skillende sektore van die samelewing aangetref. Die onderwys is in hierdie geledere hierop geen uitsondering nie. Gedurende die afgelope paar dekades het die onder=wys dan ook aansienlike veranderinge ondergaan (Taylor, 1983: 185). So byvoorbeeld is gedifferensieerde onder=wys ingestel en word die onderwys van tyd tot tyd ver=ander om dit sodoende verder te verfyn, te verbeter en te vernuwe om aan die nuwe vereistes wat daarvoor gestel word, te kan voldoen. Die uitfasering van die prak=tiese kursus en die invoer van die laer graadkursusse in die sekondêre skole van Transvaal verteenwoordig een van die mees onlangse veranderinge wat in dié ver=band aangebring is.

Die vernuwing wat daar plaasvind op bykans elke weten=skaplike terrein, veroorsaak en vereis dat daar doel=treffender onderwys in die sekondêre skool aangebied moet word. Dit veroorsaak op sy beurt dat daar 'n be=hoefte ontstaan om die vakkurrikulums uit te brei en te vernuwe om sodoende te kan voldoen aan die vereistes wat deur die wetenskap en tegnologie, die ekonomie en die "staatkundige organisasie" daaraan gestel word (Van Schalkwyk, 1985(b): 745).

Die kurrikulum van die sekondêre skool kan egter nie na willekeur verander word nie, omdat alle veranderinge nie noodwendig 'n verbetering tot gevolg het nie. Kurrikulumnavorsing is dus noodsaaklik om sodoende voorstelle vir vernuwing sistematies uit te toets deur middel van eksperimentering en evaluering (Anderson, 1969: 34).

In die lig van die Komitee van Onderwyshoofde se be=sluit gedurende 1984, naamlik dat die hernuwing van vakkurrikulums voortaan op 'n wetenskaplike grondslag gedoen moet word, is onderwysdepartemente daarom voort=durend besig met kurrikulumnavorsing (Hill, 1984(a):39).

onderwys en meer in besonder die inhoude van die akkurrikulums vir die sekondêre skole moet dus ge=urig op die wyse vernuwe word dat dit wel sal tred ou met die veranderinge wat daar in die "leefwêreld" an die leerlinge plaasvind (Van Schalkwyk, 1985(b): 744). Wheeler (1983:15) onderstreep die belangrikheid van kurrikulumvernuwing in dié verband wanneer hy sê: *"If the curriculum remains static in a dynamic society, especially in periods of rapid social change, it is likely that the education which is meant to induct the young into society and promote an intel=ligent understanding of it, will cater only for needs and values which no longer exist"*.

Die hoof van die sekondêre skool kan egter 'n belang=rike rol in kurrikulumvernuwing vervul, omdat hy as hoof in 'n groot mate die gehalte van onderwys, wat in die skool aangebied word, bepaal. Verder moet hy ook toesien dat die onderwys sal plaasvind volgens die breë riglyne wat daarvoor deur die onderwysde=partement neergelê is. Die hoof bevind hom dus in 'n gunstige posisie om kurrikulumvernuwing te koördineer omdat hy toegang het tot die leerlinge in die skool, die onderwyser in sy klaskamer, die Superintendent van Onderwys Akademies* en die kurrikulumkundiges wat die nuwe kurrikulums saamgestel het. Uit hierdie posisie wat hy beklee, kan die hoof kurrikulumvernuwings=moontlikhede identifiseer, kurrikulumvernuwing inisi=eer, dit implementeer en ook daartoe meehelp dat die kurrikulumvernuwing suksesvol geïnkorporeer word (Swick, 1975: 235).

Die mate van sukses waarmee kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool geïmplementeer word, hang in 'n groot mate af van die gesindheid van die hoof teenoor kurrikulumvernuwing. Hy kan deur slegs 'n negatiewe aanmerking te maak, die gesindheid van die onderwy=sers teenoor die kurrikulumvernuwing wat hulle in die

---

*Daar sal deurgaans van die afkorting SOA vir die Superin=tendent van Onderwys Akademies gebruik gemaak word.

klaskamer moet implementeer in so 'n mate negatie beïnvloed dat hulle nie veel moeite sal doen om kurrikulumvernuwing te laat slaag nie.

Die positiewe gesindheid van die hoof asook die positiewe klimaat wat hy skep vir kurrikulumvernuwing in die skool, kan tot gevolg hê dat die onderwysers hulle volle samewerking sal gee om die kurrikulumvernuwing suksesvol te implementeer en te inkorporeer. Daar kan dus heelhartig saam met Eden (1981:43) gestem word wanneer hy beweer dat die hoof van die sekondêre skool 'n besondere taak in kurrikulumvernuwing te vervul het.

*"To change the curriculum is to change teachers' understanding of what they are doing"* (Sergiovanni en Elliott, 1975:240). Met hierdie woorde benadruk Sergiovanni die belangrikheid daarvan dat die gesindheid van die onderwysers positief verander moet word vir suksesvolle kurrikulumvernuwing.

## 1.2 Plek van die navorsing binne die opvoedingskonteks en veld van die Opvoedkunde

Die doel van die opvoedende onderwys is om die kind, deur die onderrigbemoeienis wat daar met hom as volwassewordende gemaak word, toe te rus met die nodige kennis, kundighede en vaardighede wat hy in sy volwassewording en as volwasse Christenmens sal benodig. Dit lei die kind dus om te ken, te kan en te wees.

Om hierdie doel met die kind te bereik, is 'n goed opgeleide onderwyskorps, wat toegerus is met die nodige onderwysvaardighede soos onderrigvaardighede en vaardighede in kurrikulumvernuwing, van kardinale belang. Weens die kennisontploffing en die vinnige veroudering van kennis moet die onderwyser voortdurend op die hoogte van die nuutste vakkennis en onderwysvaardighede gehou word. Die belangrikheid van indiensopleidingskursusse mag dus nie uit die oog verloor word nie. Die opleiding van die hoof en

die onderwyser vir kurrikulumvernuwing sal in dié verband voortdurend dringende aandag moet geniet.

Die taak van die hoof as hoofonderwyser, professionele leier en onderrigleier sal dus primêr klimaatskep= ping en personeelontwikkeling vir kurrikulumvernuwing van al die vakke in die skool wees. Om hierdie taak egter suksesvol en doeltreffend te kan verrig, sal die hoof vir dié doel as kurrikulêre vernuwingsagent opgelei moet word.

Hierdie studie pas in die studieveld van die Opvoed= kunde omdat dit die taak van die hoof is om toe te sien dat die kurrikulum vir die opvoeding van die kind aan dié doel daarvan beantwoord, en om die kind te lei tot volkome toegerustheid vir die eietydse eise wat aan hom gestel gaan word.

Nader bepaal kom dié studie onder Didaktiese Opvoed= kunde tereg. Die kurrikulumkunde as leer van kurriku= lumteorie en -praktyk wat insluit kurrikulumontwerp, -beplanning, -implementering en -evaluering, is een van die sentrale studieterreine van die Didaktiese Opvoedkunde.

## 1.3 Konteks van die probleem

Na die lansering van Sputnik deur Rusland, het daar gedurende die sestigerjare 'n ongekende belangstelling in die kurrikulumontwikkeling by die onderwysower= hede in die VSA ontstaan. Daar is op daardie stadium besef dat daar op wetenskaplike en tegnologiese ge= bied geen noemenswaardige vordering gemaak sal kan word indien die skoolkurrikulum en die onderwysdoel= stellings nie verander en vernuwe word, om sodoende te kan voldoen aan die eietydse eise wat daaraan gestel word nie.

Ook in die RSA het in die sewentigerjare 'n nuwe be= langstelling in die kurrikulum ontwikkel. Ván die belangrikste bydraes tot die kurrikulumteorie in die RSA was dié van J C Hill wat gedoen is gedurende 1974

(publikasie 1975) (Steyn, 1983: 15). Daarna het ander kurrikulumkundiges soos byvoorbeeld R A Krüger, I N Steyn en C A Taylor gevolg. Daar word egter nog geen noemenswaardige aandag deur hoofde van sekondêre skole aan kurrikulumontwikkeling en kurrikulumvernuwing gegee nie.

Verskeie universiteite in die RSA, soos byvoorbeeld die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit doen navorsing en bied ook kursusse in dié verband aan. Die Transvaalse Onderwysdepartement dra ook by tot navorsing in kurrikulering deur die Buro vir Kurrikulering en Evaluering. Die vraag is wat die taak van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulumvernuwing is en of hy vir hierdie taak opgelei kan word.

## 1.4 Probleemstelling

In die lig van wat tot dusver hierbo gesê is, kan die probleem vir dié ondersoek nou soos volg in vraagvorm geformuleer word:

(i) Wat behels die begrip kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool?

(ii) Wat behels die taak van die hoof ten opsigte van kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool?

(iii) Wat behels die kundige opleiding van die hoof van die sekondêre skool vir kurrikulumvernuwing en hoe behoort die hoof vir hierdie taak in die toekoms opgelei te word?

## 1.5 Doel met die ondersoek

Die doel met die onderhawige navorsing is om ondersoek in te stel na wat daar verstaan word onder:

(i) Die begrippe "vernuwing", "onderwysvernuwing" en "kurrikulêre vernuwing"; en ondersoek in te stel na:

(ii) Die strategieë vir kurrikulêre vernuwing in die onderwys;

(iii) Die stappe in kurrikulumvernuwing;

(iv) Die strukture en persone betrokke by kurrikulum=vernuwing;

(v) Die take van die hoof in kurrikulumvernuwing;

(vi) Die opleiding van die hoof in kurrikulumver=nuwing;

(vii) Bestaande opleidingsprogramme vir die opleiding van die hoof as kurrikulêre vernuwingsagent;

(viii) Riglyne vir die opleiding van die hoofde van sekondêre skole as kurrikulêre vernuwingsagente.

## 1.6 Metodes vir die ondersoek

Die volgende navorsingsmetodes sal in die navorsing gevolg word:

### 1.6.1 Literatuurstudie

Kennis en insigte wat deur literatuurstudie bekom is, het gelei tot die ontwerp van die ondersoek en tot sekere uitsprake wat gemaak is. Daar is onder andere gebruik gemaak van 'n rekenaarsoektog om sodoende die mees resente artikels en verslae in opvoedkundige tydskrifte, joernale en bulletins, wat handel oor die onderwerp, te bekom. Daar is verder gebruikgemaak van oorsese sowel as plaas=like bronne uit die opvoedkundige literatuur, asook literatuur uit die bestuurswese.

### 1.6.2 Empiriese ondersoek (vgl. ook hoofstuk 5)

'n Studie van hierdie aard is bykans onmoontlik sonder 'n sterk empiriese komponent om daardeur bepaalde inligting en menings van kurrikulumkun=diges, professionele onderwysleiers en die hoofde van die sekondêre skole in Transvaal te verkry. Die empiriese ondersoek is soos volg aangepak:

#### 1.6.2.1 Onderhoude met kurrikulumkundiges

Persoonlike onderhoude is met kurrikulumkundiges verbonde aan verskillende Universiteite, die Transvaalse Onderwysdepartement en die Departement

van Onderwys en Kultuur in die Administrasie: Volksraad gevoer.* Die inligting en menings wat deur die onderhoude ingewin is, het kurri=kulumvernuwing uit die oogpunt van die kurri=kulumkundige belig.

1.6.2.2 Onderhoude met professionele onderwysleiers

Persoonlike onderhoude is met professionele onderwysleiers verbonde aan verskillende Onder=wysdepartemente gevoer.* Inligting wat deur hierdie onderhoude ingewin is, het kurrikulum=vernuwing uit die oogpunt van die onderwysleier belig.

1.6.2.3 Gestruktureerde vraelys

'n Gestruktureerde vraelys is opgestel en aan al die hoofde van sekondêre skole in Transvaal ge=stuur met die versoek aan hulle om dit te voltooi en terug te stuur. Uit die inligting wat deur die vraelys verkry is, is die menings van die hoofde oor die take en die opleiding van die hoof ingewin. 'n Rekenaarmatige verwerking van die ingesamelde data is gedoen en daarna is die data ontleed en geïnterpreteer om sodoende sekere afleidings, gevoltrekkings en aanbeve=lings te maak.

## 1.7 Begripsverklaring

Onder die volgende begrippe wat deurgaans in hier=die studie gebruik sal word, word die volgende ver=staan:

Vernuwing: Vernuwing kan beskou word as die posi=tiewe verandering wat doelbewus, bepland en be=rekend gerig is op 'n beter en doeltreffender be=reiking van die doel (vgl. paragraaf 2.2.1).

---

* Die name van die persone waarmee daar persoonlike onderhoude gevoer is, mag op versoek van die verskil=lende Onderwysdepartemente waaraan hulle verbonde is, nie genoem word nie.

Onderwysvernuwing: Onderwysvernuwing word gesien as die positiewe verandering wat doelbewus, bepland en berekend gerig is op 'n beter en doeltreffender bereiking van die doel van die onderwys (vgl. paragraaf 2.3).

Kurrikulum: 'n Kurrikulum is die geheel van kennis wat deur ('n) kind(ers) bemeester moet word op die weg na bereiking van voorafgestelde opvoedende onder=wysdoelstellings (vgl. paragraaf 2.4.1).

Vakkurrikulum: 'n Vakkurrikulum is die gebruik van kennis op een afgebakende kennisterrein wat deur die leerling bemeester moet word op weg na bereiking van voorafgestelde opvoedende onderwysdoelstellings (vgl. paragraaf 2.4.1).

Kurrikulumvernuwing: Kurrikulumvernuwing is die nuutmaking, vernieu of vernuwe, van die kurrikulum, dit wil sê die heeltemal of gedeeltelike nuutmaking deur die byvoeging van gedeeltes, weglating van ander gedeeltes en/of herskryf van die geheel van die kur=rikulum (vgl. paragraaf 2.4.2).

## 1.8 Program vir die ondersoek

Omdat die probleemstelling en doel van hierdie studie asook 'n beknopte uiteensetting van die metodes wat gevolg word reeds in hierdie hoofstuk gegee is, volg hier nou 'n kort uiteensetting van die verdere ver=loop van die ondersoek.

In hoofstuk 2 wat handel oor kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool, word die volgende aangesny:

- Die begrip vernuwing, waar die verskil tussen ver=nuwing en verandering aangetoon word.
- Die noodsaaklikheid van vernuwing.
- Die verskillende wyses waarop vernuwing tot stand gebring word.
- Die begrip onderwysvernuwing word bespreek.
- Die begrip kurrikulum word aan die hand van defi=nisies van verskeie opvoedkundiges bespreek en

daar word dan tot 'n eie gevolgtrekking oor 'n definisie vir kurrikulum, vakkurrikulum en kurrikulumvernuwing gekom.

- Strategieë vir kurrikulumvernuwing word bespreek.
- Stappe in kurrikulumvernuwing.
- Strukture en persone betrokke by kurrikulumvernuwing.

In hoofstuk 3 word die take van die hoof in kurrikulumvernuwing van nader beskou. Die take van die hoof word onder die volgende hoofde bespreek, naamlik:

- Die take van die hoof in kurrikulumvernuwing wanneer hy self die vernuwing inisieer.
- Die take van die hoof wanneer kurrikulumvernuwing van buite die skool byvoorbeeld die Onderwysdepartement of SOA geïnisieer word.
- Die take van die hoof wanneer kurrikulumvernuwing deur 'n onderwyser op die personeel geïnisieer word.
- Die aandeel van die hoof in die inkorporering van die nuwe kurrikulum.

In hoofstuk 4 word die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing bespreek. Sake soos die volgende word hier van nader beskou:

- Die noodsaaklikheid vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing.
- Die behoeftes en leemtes wat daar mag bestaan in die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing.
- Hier word die behoeftes en leemtes wat daar in die RSA asook in sekere oorsese lande bestaan, bespreek naamlik:

  Die VSA<br>
  Wes-Duitsland<br>
  Nederland<br>
  Israel

- Bestaande opleidingsprogramme vir die hoof in die volgende lande word hierna onder die loep geneem, naamlik:

  Die VSA
  Engeland
  Skotland
  RSA

In hoofstuk 5 word die doel van die empiriese onder= soek uiteengesit. Daar word 'n navorsingshipotese gestel en die studiepopulasie word omskryf. Die vrae= lys as ondersoekmetode word hierna in oënskou geneem. Die motivering vir die komponente van die vraelys word dan gegee. Daarna word 'n weergawe en interpretasie van die ingesamelde data weergegee.

Die samevatting van hierdie studie en finale gevolg= trekkings word in hoofstuk 6 weergegee. In dieselfde hoofstuk volg ook enkele aanbevelings wat uit die studie voortspruit.

## 1.9 Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is daar aangetoon dat daar van tyd tot tyd veranderinge en vernuwing in die onderwys as= ook in die kurrikulum van die sekondêre skool aange= bring word.

Daar is ook verder daarop gedui dat die hoof van die sekondêre skool uit hoofde van sy posisie as profes= sionele onderwysleier in die skool, 'n belangrike taak te vervul het in kurrikulumvernuwing en dat die hoof vir hierdie taak opgelei behoort te word.

Verder is daarop gewys dat hierdie studie sy plek in die Opvoedkunde vind en wel onder die Didaktiese Op= voedkunde, wat 'n deelwetenskap van die Opvoedkunde is, ressorteer.

Na die konteks vir die probleemstelling is die pro= bleem vir hierdie studie gestel. Die doel met die studie is gegee en die metode vir die ondersoek is ook uiteengesit.

Begrippe soos "Vernuwing", "Onderwysvernuwing", "Kurrikulum","Vakkurrikulum" en "Kurrikulumvernu= wing" wat in hierdie studie gebruik gaan word, is gedefinieer. Die program vir die ondersoek is daargestel om sodoende die verloop van die studie aan te toon.

'n Opvallende leemte in die deurvoering vanaf die teorie wat genoemde instellings formuleer en ver= wys na die skoolpraktyk is die gebrek aan defi= niëring van die rol en taak van die skoolhoof in kurrikulumvernuwing. Die vraag is dus wat die taak van die hoof in kurrikulumvernuwing behels.

In die volgende hoofstuk sal daartoe oorgegaan word om kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool onder die loep te neem.